## 30 Maart — Matteus 25:14-30

### *Vervul jou roeping, want jy hét dit*

God verwag van elke mens sekere dinge - nie van alle mense alle dinge of dieselfde dinge nie. Daar is gemeenskaplike sake wat vir alle mense geld - soos geloof, gebed, bekering en gehoorsaamheid. Maar daaroor gaan dit nie nou nie as ons sê: "vervul jou roeping, want jy hét dit". Met "vervul jou roeping, want jy hét dit" bedoel ons: jy hét talente, geleenthede, tyd en vermoëns om jou roeping te vervul en te gehoorsaam. Jou hemelse Vader het dit aan jou gegee.

In die gelykenis van die talente vertel die Here Jesus van 'n man wat op reis gegaan het. Hy het sy diensknegte geroep en aan elkeen talente gegee. En dan staan daar die merkwaardige woorde: "aan elkeen na sy vermoë" (Matt 25:14, 15). Die dieper sin van die gelykenis is: die Man wat op reis gegaan het, is die Here Jesus wat opgevaar het na die hemel. Hy sal weer kom en rekenskap vra van jou roepingsvervulling. Het jy wat na vermoë ontvang het, na vermoë gepresteer? Die Here verwag nie van almal om wenners of voorsitters te wees nie. Wat help dit as almal generaals is en daar is nie ook korporaals nie? Hy verwag nie van die een-talenter om met vyf talente te presteer nie.

Doen jou ding. Moenie net 'n toeskouer of 'n passasier wees en kyk hoe ander die spel speel en die ding doen nie. Kom op die speelveld. Blom waar jy geplant is. Die moraal van die verhaal is dus: wees getrou met die gawes, die geleenthede, die tyd en die vermoë wat God aan jou gegee het. Vervul jou roeping, want jy hét dit!

Sing: Psalm 40:4

Dr. RW. Bingle (Kaapstad)